# Hoofstuk van die dag: Jesaja 61

> *Soos die grond plante laat uitspruit, soos die plante in 'n tuin vrugte gee, so gee die Here my God die oorwinning en*

*laat Hy al die nasies luister na die loflied tot sy eer. (vers 11)*

Dit was al 20 jaar ná die ballingskap. Bitter min van die hoë verwagtinge met hulle terugkeer het gerealiseer. Die mense het al meer begin brom dat die Here hulle in die steek gelaat het. Vir húlle gee Jesaja hierdie profesie.
Dieselfde God wat met die skepping plante op die aarde laat uitspruit het, sal ook vir sy volk sorg. Die redding wat God gee, is gewaarborg deur God self. Daarom, sê die profeet: Skep moed! God is besig!
Onthou net: God se werkswyse is anders as ons s'n. God se nuwe wêreld kom half ongemerk, in die stilte. Soos 'n plant wat groei. Wie kan sien hoe 'n plant groei? Dit help nie om hom stip dop te hou nie. Maar hy groei vir seker!
So werk God. In die stilte. Anders as wat 'n mens sou verwag, maar nie minder seker nie. Inteendeel. Daardie plantjie van God se redding het 'n reuse boom geword. Ook jy en ek is vrug van dié boom se groei.

## Onlangse Bydraes

- Rig 6:14 MET GOD SE TOERUSTING KAN JY DIENSBAAR WEES
- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026